Sondagskool 1

Lestitel: Diere en die mens

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: **“Diere en die mens”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Diere en die mens
Bybelwoord	Genesis 1: 20-31 en Genesis 2: 1-4

Lesdoelwit	Die kinders sal leer dat ons deel is van God se skepping en dat alle lewende wesens wat God geskep het uniek is.

Lesopsomming:

● Vandag sit ons die verhaal van die skepping voort.
● In ons eerste les het ons geleer dat God die maan en sterre geskep het om die nag te verlig, Hy het die wolke geskep en die waters van die droë aarde geskei. Hy het ook die aarde met gras en plante bedek.
● Hy het dit alles in 4 dae gedoen. Die aarde het mooi gelyk, maar dit was baie stil.
● Toe die son op die vyfde dag opkom, het die Here die seewater met lewe gevul. Hy het baie verskillende diere geskep om in die water te woon.
● Op dieselfde dag het Hy die voëls geskep. God het hulle laat neste bou en eiers lê sodat hulle gekwetter gou oral op aarde gehoor kon word.
● God was baie gelukkig met hierdie nuwe lewe en Hy het gesien dat dit goed was.
● Op die sesde dag het God ook die diere geskep wat op droë grond woon. Van die kleinste wurm tot die grootste olifant; God het hulle almal gemaak.
● Hulle het elkeen hul eie spesifieke vorm en spesiale eienskappe. Die aap wat Hy gemaak het om bome te klim, pikkewyne kan op ys leef en kangaroes kan hul babas in 'n sakkie dra. God was gelukkig met wat Hy gemaak het en het gesien dat dit goed was.
● God het iets baie belangrik vir laaste gehou.
● Op die sesde dag het God die mens, die kroon van sy skepping, gemaak.
● Hy het hulle 'n spesiale gawe gegee, naamlik hulle eie wil. Hy het hulle geseën en opdrag gegee om na sy skepping om te sien en nuwe dinge te ontdek.
● Hulle het plek gehad om op die aarde te woon en genoeg kos om te eet. Hulle was dankbaar teenoor God omdat Hy baie, baie goed vir hulle gesorg het.
● Dit was nou die einde van die sesde dag.
● Op die sewende dag het God na sy werk gekyk. Hy het gesien dat alles baie goed was.
● “Hy het gerus van sy arbeid en was verheug oor die klein en groot wesens wat Hy geskep en voorsien het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig ” Lees Genesis 2: 1-4

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

● Elke lewende wese is uniek geskep met hul eie eienskappe en vorm.
● God het gesorg dat elke lewende wese sy eie woonplek en genoeg voedsel het om te oorleef.
● God het jou ook geskep.
● Selfs jy is uniek. Nie twee mense lyk dieselfde nie, ons is almal anders.
● God het mense na sy beeld gemaak en Hy het ons geskape as die kroon van sy skepping. Ons is baie spesiaal.
● Mense is die enigste lewende wesens wat hul eie vrye wil het, waarmee hulle kan besluit wat reg en wat verkeerd is.
● God is lief vir sy handewerk en gee om vir sy skepping, daarom moet ons daarna kyk.
● Hy waak oor baie dinge, ook oor ons.
● Ons moet dankbaar wees vir alles wat God aan ons voorsien het.
● Dit moet jou baie spesiaal en gelukkig laat voel dat jy deel is van God se skepping.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Kan jy 'n paar diere met unieke eienskappe noem?

Antwoord: verskillende

2. Wat maak 'n skoenlapper so 'n wonderwerk?

Antwoord: Dit kom van 'n ruspe(wurm). Die ruspe word 'n papie en nadat die metamorfose voltooi is, kom daar 'n skoenlapper uit die papie.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen